Kan ons die omvang van Christus se lyding verstaan?

Markus 14: 32-42

7 April 2019 – 5de Lydensondag

Preek:

1.

Vriende.

Hier in die lydenstyd, waar ons saam met Jesus op die lydingsweg loop, praat ons baie **maklik** van Jesus se lyding, sy angs, sy swaarkry.

- Ek wonder egter of ons werklik die **omvang** van Jesus se lyding begryp?
- Verstaan ons hoe **diep**, hou **wyd** dit strek?
- Verstaan ons Jesus se woorde wanneer Hy sê: *Ek is doodsbenoud.*
- Verstaan ons iets van Jesus se **onsteltenis**, Sy **vrees**?

Gewoonlik as ons oor Jesus se lyding praat gee ons maklike, goedkoop antwoorde. Antwoorde wat ons almal ken.

Ek gaan egter vanoggend poog om die lyding van Jesus in meer diepte te bespreek.

- Ons sal sien dat Jesus se opoffering namens ons **veel groter en wyer** is wat ons vermoed.
- Maar ons sal ook besef dat Jesus ŉ **opdrag aan ons gee te midde van Sy lyding**.
- Kyk ons na Jesus se lyding is dit my hoop dat ons ook ŉ **hartsverandering ondergaan**. Somtyds is ons maar net passasiers, toeskouers, gedurende die lydenstyd. Ek hoop dat ons emosioneel betrokke sal raak ten opsigte van die gebeure.
    - Ons moet hartseer wees oor dit wat met Jesus gebeur het.
    - Ons moet treur oor die gebeure.
    - Ons moet empatie vir Jesus toon.

- Ons moet selfs skaam wees dat die mensdom toegelaat het dat so iets kon gebeur.
- Ons moet kwaad word omdat ŉ onskuldige op die wyse moes sterf.

3.

Voordat ek bietjie dieper na Jesus se lyding kyk wil ek net begin deur te sê dat dit **menslik onmoontlik is om ten volle te verstaan wat Jesus op die aand in Getsemane en aan die kruis vir ons ervaar het.** Netsoos Jesus se **liefde** vir die mensdom ons verstand te bowe gaan, moet ons besef dat die **lyding wat Hy ervaar het groter is as die woorde wat ons gebruik.** Dit is wyer en dieper as ons eie verbeelding. Niks wat ek en jy sê kan dit ten volle weergee nie.

Tog broers en susters kan ons vanoggend poog om iets daarvan te verstaan. Die Bybel gee vir ons l**eidrade en ek gaan die leidrade volg sodat ons ŉ prentjie van Jesus se lyding kan vorm.** Dit sal nie ŉ perfekte prentjie wees nie, maar tog is dit iets wat ons in mate kan help verstaan.

4.

Laat ons dan nou kyk hoe wyd en diep die lydingbeker is wat Jesus namens ons moet drink.

Die **eerste aspek** van Jesus se lyding bespeur ons op ŉ **sosiale vlak**. Jesus se roeping op aarde was **tweedelig**. Hy moes God se koninkryk aan die een kant aan die Joodse volk kom sigbaar maak het, en aan die ander kant moes die koninkryk wat in Israel sou begin reg oor die wêreld versprei. Hy is die Messias waarvan die Ou Testament praat. Die een wat na die volk van Israel gestuur sou word.

Maar in plaasvan dat Israel Jesus met ope arms onvang word **Hy bespoeg en bespot**. Hy word uit gelag as ŉ persoon wat die klits kwyt geraak het. Die mense wie hy kom red het, is die mense wat hom **verwerp**. Dit gaan so ver dat die geleerdes, die skrifgeleerdes en priesterhoofde poog om hom te diskrediteer. Deur strikvrae aan Jesus te stel wil hulle wys dat Jesus nie die Messias is nie. Wanneer hulle nie daarin slaag nie, gaan hulle so ver om planne te beraam om Jesus om die lewe te bring.

Duidelik sien ons broers en susters dat die **eerste aspek van Jesus se lyding te make het met verwerping.** Jesus vrees die absolute verwerping deur die mens.

Ons kan iets hiervan verstaan. Daar is niks maar niks wat vir ons meer vreesaanjaend is as **verwerping** nie. As familie of vriende, ŉ eggenoot of ŉ kind jou verwerp veroorsaak dit onbeskryflik pyn en hartseer in ons binneste. Die pyn wat ek en jy ervaar, is wat Jesus hier in die tuin van Getsemane ervaar. Dit is egter nie net een of twee mense wat vir Jesus verwerp nie, maar in ŉ sekere sin die ganse mensdom.

Die verwerping wat Jesus ervaar het die **gevolg dat Jesus heeltemal alleen en geïsoleerd** is. ŉ Mens sou dink dat die dissipels iets hiervan sou verstaan. Tog, wanneer ons na die teks kyk het hulle weinig begrip van wat Jesus ervaar. Plaas van om saam met Jesus te wees, raak hulle aan die slaap. Hier, in die tuin van Getsemane word Jesus se alleenheid verder beklemtoon deur die optrede van die dissipels.

5.

Die **tweede element** van Jesus se lyding vind ons nie op ŉ sosiale vlak nie maar op ŉ **fisiese dimensie**. Wanneer ons gewoonlik oor Jesus se lyding praat dan konsentreer ons hierop.

Afgesien van die feit dat Jesus verwerping vrees, **vrees Jesus vir die marteling en die dood wat vir Hom wag.**

Dit moet ons mooi verstaan.

- Jesus het geweet wat vir hom wag.
- Hy het geweet dat hy gegesel sal word.
- Hy het geweet dat Hy ŉ doring kroon moes dra.
- En hy het geweet dat die kruis sy voorland gaan wees.
- Spykers deur polse en deur enkels,
- gebreekte bene en spieswond in die sy.

Pyn wat ek en jy nie vir een oomblik kan indink nie. Was ek en jy in Jesus se skoene sou ons sekerlik gevlug het, die kortpad, die maklike pad uit geneem het.

Maar afgesien van die **fisiese pyn wat Jesus ingewag het, was die dood self ook sy voorland**. Daar is net een ding wat ons met meer angs vul as verwerping, en dit is die dood. Maak nie saak hoe sterk ons geloof is nie. Maak nie saak hoe seker ons van God se liefde is nie, die dood bly steeds die groot onbekende. En ons ons vrees wat vir ons onbekend is.

6.

'n ***Derde aspek*** wat ons telkemale vergeet is dat slegs die **gehaatste misdadigers gekruisig is**. Die moordenaars en die verkragtigers was gekruisig. Die mense was nie net aan die kruis om die lewe gebring nie. Nee, hulle was in die publiek, waar almal kan sien geheel en al onteer. Dit was 'n dood wat so ingerig is om **mense geheel en al, self tot in die dood toe, te beskaam.** Die kruis was die onheiligste plek in die ganse Israel. Ek kan dit miskien aan julle verduidelik deur Hebreërs 12 vers 2 vir julle aan te haal. Hier lees ons dat Jesus nie vir een oomblik teruggedeins het vir die **skande** van die kruis nie.

Jesus, broers en susters, huil en sweet bloed, omdat hy vrees vir verwerping, hy vrees vir die pyn en die dood, **maar hy vrees ook vir die skande van die kruis**.

Baie van ons kan die emosie verstaan. Ons sê maklik dat ons **eerder sal sterf as om in die skande gedompel te word.** Die vooruitsig van skande vul ons, netsoos vir Jesus, met vrees en angs.

7.

'n ***Vierde aspek*** van Jesus se leiding in die tuin van Getsemane het te make met **versoeking.** Ons besef dit nie aldag nie. Lees ons die evangelies sien ons dat God se wil en Jesus se wil presies die selfde is. Kom ons egter by die teksgedeelte sien ons dat Jesus se wil en God se wil vir die eerste keer verskil.

Jesus sê in sy gebed: *"laat nie my wil geskied nie, maar U wil."* Hier word Jesus in die versoeking geplaas om **nie God se wil te volg nie, maar sy eie menslike wil**. Wat die versoeking soveel erger maak is dat daar 'n president is. Isak was ook die offer, maar voordat hy sterf is 'n bokram voorsien om in sy plek as offer te dien. Jesus was goed bewus hiervan.

Hierdie versoeking om te doen soos wat hy wil en soos wat God wil nie, moet ons nie vir een oomblik onderskat nie. Die van ons wat werklik **al in die versoeking geplaas is, sal weet hoe baie angs en pyn dit by 'n mens kan veroorsaak**.

8.

So sien ons dat Jesus in die tuin van Getsemane doodsbenoud is as gevolg van vier redes. **Hy vrees vir die absolute verwerping, die skande wat die kruis is, die versoeking wat Hy deurgaan en die pyn en die dood van die kruis self.**

Daar is egter 'n verdere, **vyfde saak**, waarvan ons nie kan vergeet nie. Eindig ons hier is die vrees en angs wat Jesus beleef die selfde as wat baie mense deur die eeue beleef. Baie het al die dood in die oog gestaar, baie is al gekruisig. Dink net aan die twee misdadigers langs Jesus aan die kruis.

- Wat maak Jesus se dood anders as hulle dood?
- Wat maak Jesus se angs en vrees anders as elkeen van ons se angs en vrees wanneer die dood naby is?

Die antwoord is daarin te vinde dat Jesus nie net aan die kruis sterf nie. Nee, daar gebeur iets veel groter en dieper. Iets wat ons feitlik nie kan begryp nie.

Hier in die tuin vrees Jesus omdat Hy, Jesus Christus, **die seun van God, die sonde van die mensdom op Hom moet neem**. Jesaja 53 vers 4-6 verduidelik dit so mooi vir ons. Daar staan

4 Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. 5 Oor óns

oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.6 Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.

Jesus vrees nie net omdat Hy namens ons moet sterf nie. **Nee, hy vrees omdat hy ons sonde self word**. Daar aan die kruis hang nie net Jesus nie, maar al die moord, verkragting, oorloë, leuens, en sonde van die mensdom.

Hoe verskriklik is dit nie? Jesus sterf nie net namens ons sonde nie. Nee, hy word ons sonde self. Die vooruitsig vul hom met onverstaanbare vrees.

Maar dit is net een aspek daarvan. Hy vrees nie net omdat die ganse wêreld se sonde op Hom geplaas word nie, **maar ook omdat Hy die ganse wêreld se verdiende straf moet ontvang.** Jesus vrees met ander woorde hier in die tuin vir God se straf bo alle ander dinge. Weereens gee Jesaja vir ons ŉ leidraad hoe ons die gedagte moet verstaan.

Jesaja praat van die volk wat die oordeelsbeker moet drink. ŉ Beker wat so groot en diep is wat hulle laat steier. Maar God neem hier die beker uit elkeen van ons hande en plaas dit in die hand van Jesus. Namens ons drink hy die doodsbeker. Namens ons verduur hy God se verkriklike straf. Namens ons verduur hy die dood. Hy sterf aan die kruis in die plek van jou en my.

- Jesus vrees met ander woorde die sonde,
- Hy vrees God se straf,
- maar hy vrees ook die gevolg wat dit sal hê.
- As gevolg van die sonde, en die straf, sal **God hom verlaat**. En Jesus sal Godverlate wees namens jou en my. Hy daal na die hele, hy dra met ander woorde God se volle straf, namens ons. En Jesus vrees om van God verlate te wees.

9.

Verstaan ons dit broers ens susters.

- Verstaan ons die verwerping, die alleenheid
- die skande,
- die pyn
- en die dood?
- Verstaan ons dat Jesus namens ons die sonde en die straf moes dra?
- Verstaan ons dat Jesus namens ons Godsverlate moes wees?
- Verstaan ons die pyn en die angs en die vrees wat dit hier in die tuin veroorsaak?

Ek dink nie ons sal dit ooit kan verstaan nie. Nooit sal ons onsself in die situasie kan indink nie. Daar is nie genoeg woorde om die omvang van die gebeur te verduidelik nie.

- Wat ons wel met sekerheid kan sê broers en susters, **is dat Jesus dit ter wille van jou en my doen.**
- Net soos sy lyding te groot is om te beskryf, so **is ook sy liefde vir elkeen van ons.**
- Dit alles verdra hy vir ons omdat daar nie **perke is aan sy liefde nie**.
- So wyd die ooste van die weste is, so lief het God vir ons.
- So diep soos die oseane, of so hoog soos die hoogste bergpieke, so lief het God ons.
- Netsoos die sand, of die sterre in die lug ontelbaar is, so is Jesus se liefde vir ons onbeskryflik groot.

10.

Dit is my bede broers en susters, dat ons die opoffering van Jesus sal **onhou en sal herdenk**. Dat ons dit sal koester en bewaar. Dat ons dit sal verkondig en sal uitleef.

Dit is my hoop dat ons nie **net meer toeskouers van Jesus se lyding sal wees nie. Nee, sy lyding moet ons in ons wese raak**. Ons moet hartseer wees en treur oor die gebeure. Ons moet skaam kry, ja selfs wordend wees oor dit wat aan Jesus gedoen is.

Maar bo en behalwe dit, vriende, **is dit my bede dat ons saam met Jesus sal waak en bid, en nie aan die slaap sal word nie**. Dat ons geestelik sterk sal wees en die versoekings van die wêreld sal weerstaan.

Laat elkeen van ons saam met Jesus waak. Laat elkeen van ons saam met Jesus bid. Laat elkeen van ons wakker word, opstaan uit die dood, en lewe in liefde en genade van God. Dit is ons hoop, dit is ons troos.

Amen